Wes-Kaapse
Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Alethea Brown**
Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheer
Alethea.Brown@westerncape.gov.za | 021 467 2207

Lêerno.: 26/2/1/9/SSLTS
Verwysing: 20231003-8487

Omsendbrief: 0029/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste, Kringbestuurders, Veilige Skole-koördineerders, Prinsipale van gewone openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om Veilige Skole se aanmelding- en opsporingstelsel bekend te stel.*

**Onderwerp: Bekendstelling van Veilige Skole se aanmelding- en opsporingstelsel**

1. Veilige Skole se aanmelding- en opsporingstelsel help skole om die volgende by te werk:
   (a) Die skool se skoolsekuriteitsinfrastruktuur en sekuriteitsmeganismes wat tans geïnstalleer word.
   (b) Die skool se skoolsekuriteitsinfrastruktuur en sekuriteitsmeganismes wat vereis word.
   (c) Alle skoolveiligheidsverslae.

2. Hierdie stelsel sal 'n volledige oorsig van alle skoolveiligheidsverwante inligting verskaf.

3. Die stelsel is ontwerp om prinsipale te help om 'n selfevaluering van hul skoolveiligheid en sekuriteitsinfrastruktuur uit te voer om moontlike temperingsmaatreëls te identifiseer wat geïmplementeer moet word.

4. **Voordele**

4.1 Die stelsel sal 'n gesentraliseerde databasis vir alle skoolveiligheidsverwante data verskaf wat gebruik sal word om die nodige ondersteuning moontlik te maak en/of te verskaf.

4.2 Die data kan bygewerk word, soos nodig.

5. **Implementering**

5.1 Om Veilige Skole se aanmelding- en opsporingstelsel te gebruik, moet alle skole by die volgende skakel registreer: https://wcedsafeschools.westerncape.gov.za.

5.2 Skole moet na afloop van registrasie op die stelsel aanmeld om data betreffende die sekuriteitsinfrastruktuur en veiligheidsverwante verslae by te werk.

5.3 'n Hulpknoppie is by die stelsel ingesluit en dit sal help om die inligting korrek by te werk.

6. Vir enige verdere bystand in hierdie verband, kontak gerus Veilige Skole se inbelsentrum by **0800 45 46 47**.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-10-30